# BEHOORT CHRISTENE EN MARXISTE IN SUID-AFRIKA IN DIALOOG MET MEKAAR TE TREE?

G.J. Rossouw

Departement Wysbegeerte, Randse Afrikaanse Universiteit

## ABSTRACT

### SHOULD CHRISTIANS AND MARXISTS ENTER INTO DIALOGUE WITH EACH OTHER?

**The question that is posed in this article is whether dialogue between Christians and Marxists in South Africa is desirable or not. Reasons are discussed for entering into a dialogue that was put forward by Christians and Marxists during the East European Christian-Marxist dialogue, as well as those propagated by the Christians for Socialism movement in Latin America. Each of these motivations for entering into dialogue is evaluated for its validity. Once the validity of some of these motivations has been proved, a description of the current state of attitudes towards a Christian-Marxist dialogue in South Africa is given. The most popular objections against such a dialogue are discussed and it will be shown that these objections are unfounded. As an alternative approach to this negative attitude towards a dialogue a new approach will be propagated.**

Die onlangse gesprekke van politici en kerkleiers met die ANC het opnuut weer twee ou vrae in die brandpunt geplaas. Die eerste vraag is, of dit op grond van politiek-strategiese oorwegings gewens is om in dialoog met Marxisties-georiënteerde organisasies te tree. Die tweede vraag is of die Kerk (of aanhangers van die Christelike geloof) in dialoog met die aanhangers van 'n Marxistiese ideologie behoort te tree. Dit is belangrik dat hierdie twee vrae apart aangespreek sal word. Ek vestig daarom u aandag daarop dat ek in hierdie artikel die eersgenoemde vraag onbeantwoord gaan laat. Ek gaan my wel toespits op die vraag of Christene en Marxiste iets vir mekaar te sê het in Suid-Afrika.

In die beantwoording van hierdie vraag sal daar gekyk word na die oorwegings wat Christene en Marxiste in ander wêrelddele gemotiveer het

om in gesprek met mekaar te tree. Vir dié doel sal daar gefokus word op die verhouding tussen Christene en Marxiste in Oos-Europa tydens die sestigerjare asook die sewentigerjare. Elkeen van hierdie oorwegings ten gunste van dialoog sal krities beoordeel word. Op grond van die insigte wat sodoende gedistilleer sal word, sal daar ten slotte sekere riglyne rakende die verhouding tussen Christene en Marxiste in Suid-Afrika neergelê word.

## 1. CHRISTENE SE OORWEGINGS TEN GUNSTE VAN DIALOOG MET MARXISTE

Die eerste twee oorwegings ten gunste van dialoog met Marxisme het hulle ontstaan in Tsjeggo-Slowakye gehad. Na die kommunistiese staatsgreep wat in 1948 in Tsjeggo-Slowakye plaasgevind het, was daar 'n baie gespanne verhouding tussen Christene en Marxiste. Hulle het mekaar gewantrou en mekaar wedersyds as boos voorgestel. Marxiste het Christene as onwetenskaplike reaksioniste voorgestel wat hulle net daarop toegelê het om die kommunistiese regering te ondergrawe en die voorafgaande demokratiese bestel te probeer herstel. Christene daarenteen, het weer Marxiste beskou as brute materialiste en geweldenaars met 'n veragtende geestelike ontwikkelingspeil. Hierdie antagonistiese verhouding het enige gesprek tussen die twee groepe by voorbaat uitgesluit. Tog het daar 'n wending in hierdie gespanne verhouding gekom en 'n dialoog met verreikende gevolge vir die Christelike geloof en die Marxisme het in Tsjeggo-Slowakye ontstaan.

Die Protestantse Christene van Tsjeggo-Slowakye se bereidheid tot dialoog het voortgespruit uit 'n herinterpretasie van hulle teologie. Onder leiding van die kerkleier, dr Joseph Hromadka, het die Protestantse Kerk 'n teologiese herbesinning gedoen wat nuwe perspektiewe in die teologie geopen het. Hierdie teologiese insigte wat die Kerk gemotiveer het tot gesprek met sy Marxistiese landgenote, was die volgende:

1.1 Die eerste teologiese insig wat die Kerk bereid gemaak het tot dialoog met die Marxisme, was hulle herontdekking van die ware aard en opdrag van die Kerk. Die unieke aard van die Kerk word bepaal deur sy verhouding met Christus en Sy Woord. Die Kerk word uitsluitlik genormeer deur Christus en sy Woord. Hierdie lojaliteit aan Christus is 'n kom-

promislose lojaliteit. Daar mag geen alliansies met politieke of kulture magstrukture aangegaan word, wat die kerk se lojaliteit aan Christus kan skaad nie. Die Kerk mag hom nooit laat vasvang in enige historiese situasie nie. As communio viatorum moet die kerk steeds deur elke aardse Jerusalem voortbeweeg op vaste koers na die Nuwe Jerusalem. Juis in hierdie kompromislose verbondenheid aan Jesus Christus, lê die kerk se vryheid opgesluit. Hromadka formuleer dit as volg: "This basic characteristic is exactly what gives the church her inner freedom, security and supremacy. She is not afraid of anything. She does not complain and despair when the old orders are disintegrating, when the thrones are collapsing and a new society is being born with difficult birthpangs. She marches quietly and courageously toward the 'heavenly Jerusalem'" (Hromadka, 1950:450).

Die opdrag van die kerk vloei direk voort uit sy unieke aard. Vanuit die Kerk se kompromislose lojaliteit aan Jesus Christus en Sy Woord, het die Kerk die verantwoordelikheid om Jesus Christus en Sy Woord aan die wêreld te verkondig. Die Kerk van Christus bestaan nie ter wille van homself nie, maar is die middel waarmee God sy Evangelie aan die wêreld wil deurgee (Hromadka, 1960:43). Met Christus se kruisiging het God finaal die skanse tussen Kerk en Wêreld afgebreek. Die voorhangsel wat tempel en wêreld voorheen geskei het, het geskeur (vgl. Matt 27:51). Hromadka wys ook daarop dat Christus self tydens sy aardse bestaan die uitvoering van hierdie opdrag volledig uitgeleef het. Christus het die boodskap van God se genade aan alle mense, ongeag hulle afkoms of stand, verkondig. Die Kerk moet die voorbeeld van sy Heer navolg en die evangelie aan alle mense gaan verkondig. Die Kerk mag nooit selektief word in sy verkondiging en getuienis nie. Dit moet nooit heiliger as sy Heer probeer wees nie. Ten opsigte van die Marxisme impliseer dit dat die Kerk nie sy rug op die Marxisme mag keer nie. Dit moet in voortdurende gesprek met Marxiste gaan ten einde die boodskap van God se genade aan hulle te bemiddel.

Hierdie oorweging ten gunste van dialoog moet sonder twyfel as 'n legitieme teologiese oorweging erken word. Die kerk bly steeds 'n onvoorwaardelike skuldenaar teenoor die hele wêreld sover dit die verkondiging van die Evangelie aangaan (vgl. Hand 1:8). Christene moet daarom in gesprek die behoefte van sy Marxistiese medemens peil ten einde die

boodskap van God se heil relevant aan die Marxis te bemiddel. Dit spreek vanself dat die kerk slegs hierdie taak kan uitvoer solank as wat hy kompromisloos lojaal aan Jesus Christus is. Sodra die Kerk hom kompromiteer aan 'n bepaalde politieke of kulturele ideologie sal die Kerk se behoefte aan gesprek met sy ideologiese teenstander afneem.

1.2 'n Tweede teologiese perspektief wat die Kerk se houding teenoor die Marxisme verander het, is die Kerk se ontdekking van Vryheid as 'n sentrale tema in die Bybel. Alhoewel die begrip "Vryheid" 'n randbegrip in die Bybelse woordeskat is, is "Vryheid" 'n sentrale tema in beide die Ou en Nuwe Testament. Hierdie vryheidstema soos dit in die Exodus-gebeure en ook in Jesus se prediking na vore gekom het, is egter in die Christelike tradisie vergeestelik. Hierdie vergeesteliking van die Bybelse vryheid het daartoe gelei dat die praktiese en politieke implikasies van vryheid geïgnoreer is. Hromadka en Jan Milic Lochaman wys egter op die praktiese implikasie van die Bybelse Vryheid in die Ou en Nuwe Testamentiese gemeenskap (Lochman, 1980:120). In die Ou Testament het die Exodus-gebeure gelei tot die praktiese en politieke bevryding van die Volk van God. Die beginsel van slawerny is ernstig bevraagteken in Israel, terwyl dit ongestoord onder Israel se bure voortgegaan het. Die handhawing van die Jubeljaar het daarvoor gesorg dat slawe gereeld vrygestel is en dat rykdom steeds herverdeel is. In Jesus se eerste openbare optrede neem hy hierdie vryheidstema van die Ou Testament weer op as Hy sè: "Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het my gestuur om vrylating vir die gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig (Luk 4:16-24).

Hromadka en Lochman waarsku dat die Vryheid wat in die Bybel ter sprake kom nie tot 'n blote politieke vryheid gereduseer mag word nie. Die Bybelse Vryheid is 'n omvattende vryheid wat die mens in al sy dimensies insluit. Hierdie vryheid sal nooit in enige historiese situasie sy volle beslag vind nie. Dit is 'n vryheid wat eers in Christus se eskatologiese Ryk volledig in vervulling sal gaan. Enersyds impliseer dit dat politieke verandering nie verabsoluteer en as die eindbestemming van die wêreld voorgehou mag word nie. Andersyds beteken dit tog ook dat die Christelike Kerk nie apaties kan staan teenoor die politieke

bevryding van gemeenskappe nie. Die Kerk mag nooit 'n finale dogmatiese afkeer ten opsigte van enige politieke program uitspreek nie. Veel eerder moet die kerk steeds daarop bedag wees om politieke programme te ondersteun wat tot die meerdere bevryding van die mens kan bydra.

Die ontdekking van die Bybelse tema van bevryding het die Kerk met nuwe oë na Marxisme laat kyk. In soverre die Marxisme daartoe kon bydra om mense te bevry uit armoede en politieke verknegting, moet die Marxisme ondersteun en geprys word. Sou die Marxisme egter tot mense se verknegting op politieke of geestelike vlak lei, moet die Kerk die Marxistiese leiers en -program ernstig kritiseer.

Alhoewel hierdie oorweging ten gunste van dialoog maklik daartoe kan lei dat die Christelike godsdiens tot 'n politieke beweging gereduseer word, bevat dit nogtans sekere legitieme teologiese momente wat nie geïgnoreer mag word nie. Dit was sonder twyfel Jesus se bedoeling dat meer as bloot die mens se siel bevry moet word. Jesus begeer die volle bevryding van die mens. Die beelde wat die Bybel van die Nuwe Jerusalem voorhou, bevestig dit. In die Nuwe Jerusalem sal die mens nie net van sy persoonlike sondes bevry wees nie, maar ook van lyding, vernedering en verontregting (vgl. Op 21:4). Die kerk wat waag om die bede van die Onse Vader op sy lippe te neem, en te sê: "Laat u koninkryk kom, laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel" (Matt 6:10) moet ook bereid wees om iets van God se totale bevryding reeds nou te laat realiseer. Die Kerk moet hom nie beywer vir 'n politieke ideologie nie, maar vir die bevryding van die mens. Die Kerk het daarom 'n verpligting teenoor alle politieke regimes, naamlik om hulle aan te moedig wanneer hulle programme loods wat die mens toenemend sal bevry van lyding maar ook om hulle te waarsku wanneer hulle optrede sal lei tot die verknegting en verontmensliking van die mens. Die Kerk mag nooit hierdie dialoog met enige politieke ideologie staak nie. Die grens tussen goed en kwaad loop immers nie tussen politieke ideolgieë deur nie, maar loop reg deur die middel van elke ideologie.

1.3 'n Derde oorweging ten gunste van dialoog met die Marxisme is gebore in die Latyns-Amerikaanse konteks. Die situasie in Chili gee 'n redelike verteenwoordigende aanduiding van die motiewe wat Christene

in Latyns-Amerika beïnvloed het om hulle houding teenoor Marxiste te verander. Anders as in Tsjeggo-Slowakye waar die Protestantse Kerk die leiding geneem het, was dit die Roomse Katolieke Kerk wat in Chili 'n nuwe houding teenoor die Marxisme bepleit het.

Die vertrekpunt vir die nuwe verhouding tussen Christene en Marxiste in Chili, was die geweldige gaping tussen die rykes en die armes in die samelewing. 'n Groep priesters het gaandeweg al meer begin identifiseer met die lyding van die oorgrote arm deel van die bevolking. Hulle het bewus geword van die gebrek aan sekuriteit, hongersnood en strukturele geweld waaraan die armes onderhewig was. Die nood van hierdie mense het hulle sodanig aangespreek, dat hulle besef het dat dit nie genoeg is om bloot jou naasteliefde te bely nie. Naasteliefde moet ook gekonkretiseer word. Dit moet in politieke taal vertaal word.

Hierdie priesters was van mening dat die enigste werklike oplossing vir die ryk-arm probleem in 'n kommunistiese of sosialistiese bestel geleë is (vgl. Eagleson, 1975). Christene wat hulle naasteliefde wou konkretiseer, moes daarom noodgedwonge na die kommunisme as oplossing begin kyk. Dialoog met die kommunisme soos wat dit in Tsjeggo-Slowakye plaasgevind het, was nie meer voldoende nie. Dit moes aangevul word met 'n daadwerklike alliansie met die kommunistiese politieke program. Hierdie samewerkingsalliansie was nie met die Marxisme as 'n afgeslote filosofiese geheel nie. Dit was slegs 'n samewerking met die Marxistiese teorie vir verandering van situasies van ekonomiese en sosiale ongelykheid. Die Christene van Chili wat hulle vir 'n kommunistiese staat beywer het, het dus net die Marxistiese politieke program benut. Ander aspekte van Marx se filosofie, soos byvoorbeeld sy ateïsme, is afgewys.

Hierdie oorweging ten gunste van dialoog is egter problematies. Die samewerkingsalliansie tussen die Christelike geloof en 'n Marxistiese revolusionêre program lewer in hoofsaak twee probleme op. Eerstens verloor die Kerk daardeur sy kritiese afstand en oorhandig sodoende 'n blanko tjek aan die Marxistiese revolusieprogram. Tweedens het Marxistiese regerings dikwels 'n twyfelagtige reputasie. Marxisme lei nie noodwendig tot die bevryding van die mens nie. Dikwels gee dit aanleiding tot groter vorms van verknegting as die samelewing in wie se plek die Marxistiese regering gekom het. 'n Derde, maar nie noodwendige

beswaar, is dat so 'n alliansie kan lei tot die redusering van God se omvattende eskatologiese verlossing tot 'n suiwer historiese politieke bevryding.

## 2. MARXISTE SE OORWEGINGS TEN GUNSTE VAN DIALOOG

In 'n poging om te bepaal wat Marxiste beweeg het om in dialoog met Christene te tree, sal daar gekonsentreer word op die oorwegings wat Marxiste in Tsjeggo-Slowakye beïnvloed het. Direk na die kommunistiese oorname van 1948 het Marxiste geen belangstelling in enige vorm van dialoog met Christene getoon nie. Onder leiding van veral Milan Machovec en V. Gardavsky het Marxiste hulle houding teenoor die Christelike godsdiens drasties in hersiening geneem. Die rede vir hulle bereidheid tot dialoog kan tot een hoofoorweging gereduseer word.

2.1 Hierdie deurslaggewende oorweging ten gunste van 'n dialoog met Christene, is die verwaarlosing van die mens se eksistensiële probleme binne die Marxistiese tradisie. Milan Machovec en ander Marxiste het besef dat die vervanging van die kapitalistiese samelewing met 'n kommunistiese samelewing nie al die mens se probleme oplos nie. Dit kan hoogstens 'n oplossing vir die mens se ekonomiese en politieke probleme bied. Die eksistensiële vrae waarmee elke mens moet worstel, is hoegenaamd nie deur Marx aangespreek nie. Marx het hom nie uitgelaat oor die probleem van die dood, die skuld, die gewete en die vraag na die sin van die lewe nie. Hierdie tekort in Marx se filosofie het hom ernstig op die Marxisme begin wreek.[1]

Die verwaarlosing van hierdie lewensvrae het daartoe gelei dat moderne Marxiste oppervlakkig, onnadenkend en sinloos begin lewe het. Marxiste se persoonlikheidsgroei is ernstig geskaad. 'n Generasie Marxiste het ontstaan wat sonder enige hoë ideale gelewe het. Hulle is bloot ingestel

[1] Milan Machovec, 'n Marxistiese filosoof het 'n aantal werke oor die sin van die lewe geskryf. Die belangrikste van hierdie werke is: Vom Sinn des menschlichen Lebens (1971) en A marxist looks at Jesus (1976).

op hulle daaglikse materiële oorlewing. Sonder om na 'n meer menswaardige wêreld te strewe, oorleef hulle bloot onnadenkend van dag tot dag. Hierdie toedrag van sake het Machovec en ander Marxiste ontstel. Mense met so 'n lae geestelike ontwikkelingsvlak kan onmoontlik daartoe bydra om Marx se ideaal van 'n meer menswaardige samelewing te volvoer of in stand te hou. Machovec dui aan dat dit daarom gebiedend noodsaaklik is dat Marxiste in dialoog moet tree met denksisteme wat wel 'n tradisie van die hantering van eksistensiële vrae het. Weer eens was die Christelike godsdiens vir hom die voor-die-hand-liggende gespreksgenoot vir die Marxisme. Marxiste moes in gesprek met Christene die Christelike antwoord op die vraag na die sin van die lewe ontworstel. Hierdie antwoord en ander eksistensiële insigte van die Christelike godsdiens moes dan ondersoek, en waar moontlik, in die Marxisme ingebou word.

Hierdie oorweging ten gunste van dialoog is geldig en ook in Suid-Afrika van toepassing. Dit is nie te ontken dat daar in Marxisme 'n gebrek aan die hantering van die mens se eksistensiële vrae is nie. Hierdie gebrek dwing die Marxisme tot dialoog met die Christelike godsdiens en denktradisies wat wel die mens se eksistensiële vrae probeer beantwoord. Marxisties-georiënteerde organisasies in Suid-Afrika vertoon ook hierdie klassieke gebrek van die Marxisme. Daar kan daarom met reg verwag word dat ook hulle buite die grense van Marxisme vir antwoorde op die mens se eksistensiële vrae sal moet gaan soek.

## 3. DIALOOG IN SUID-AFRIKA

Uit die evaluering wat deurlopend ten opsigte van die oorwegings ten gunste van dialoog gemaak is, blyk dit dat daar legitieme gronde bestaan vir 'n dialoog tussen Christene en Marxiste in Suid-Afrika.[1] Daar het veral sterk teologiese argumente na vore gekom, wat nie net 'n dialoog

[1] Vgl. kommentaar op 1.1 (Die aard en opdrag van die Kerk), 1.2 (Die sentrale tema van bevryding in die Bybel) en 2.1 (Die gebrek aan die hantering van die mens se eksistensiële vrae in die Marxisme).

in beginsel moontlik maak nie, maar dit selfs noodsaaklik maak. Die vraag is egter nou of dit wat in beginsel moontlik is, ook in die Suid-Afrikaanse praktyk tot uitvoer gebring word. Wanneer daar 'n analise van die Suid-Afrikaanse situasie gemaak word, blyk dit dat daar drie verskillende posisies ten opsigte van dialoog deur Christene en Marxiste ingeneem word.

3.1 Eerstens is daar die Marxisties-georiënteerde groepe wat tans weinig geïnteresseerd is in enige diepgaande eksistensiële dialoog met die Christelike geloof. Hulle spits hulle aandag en energie tans toe op die organisering van die werkersklas ten einde uiteindelik 'n kommunistiese samelewing te kan skep. Die beantwoording van hulle navolgers se eksistensiële vrae geniet weinig tot geen prioriteit nie. Hierdie tendens kom ooreen met wat elders in die wêreld gebeur het. Dit is eers nadat 'n kommunistiese staat geskep is, dat Marxiste begin bewus raak van die gebrek aan 'n eksistensiële dimensie in die Marxisme. Eers wanneer dit gebeur, begin hulle geïnteresseerd raak in 'n dialoog met die Christelike godsdiens.

3.2 Die tweede posisie ten opsigte van dialoog word verteenwoordig deur die swart en Engelse kerke. Sekere groepe binne hierdie kerke maak gebruik van dieselfde benadering wat ook in Latyns-Amerika gevolg is. Christene maak gebruik van 'n Marxistiese samelewingsanalise en -revolusionêre program ten einde hulle naasteliefde te konkretiseer (vgl. Mosala, 1986). Dit is weer eens opvallend dat die Marxisme nie as 'n totale filosofiese sisteem benut word nie, maar slegs die Marxistiese metode van samelewingsverandering word benut. 'n Goeie voorbeeld van hierdie benadering word gevind in die Kairos-dokument. Die bedenkinge wat teen so 'n benadering ingebring kan word, is reeds geopper.[3]

3.3 Die derde posisie ten opsigte van dialoog word hoofsaaklik deur sekere elemente in die Afrikaanse kerke verteenwoordig. In die geledere word enige vorm van dialoog met die Marxisme afgewys. Hierdie houding blyk uit uitsprake in brosjures, briewe in koerante en in uitsprake wat

[3] Sien 1.3 van hierdie artikel.

van kansels af gemaak word. Uitsprake soos die volgende bevestig hierdie houding: "Sou Suid-Afrika in die hande van die Kommuniste val ... is die lot van die hele vrye Weste verseël/ Christene in Suid-Afrika dra dus 'n geweldige verantwoordelikheid in die stryd teen die aanslag van die antichris op die Weste" (Adendorf, 1986:8) en "Ons as Christene moet hom (bevrydingsteologie/kommunisme) herken vir wie hy is en die slang sonder meer vermorsel sonder om hom 'n regverdige kans te gee." (Malan, 1987.)

Daar word in hoofsaak drie argumente ten gunste van hierdie houding aangevoer. Hierdie argumente sal vervolgens beoordeel word.

Eerstens word hierdie houding teenoor Marxisme verdedig deurdat Marxisme sonder meer gelyk gestel word aan die ryk van die Antichris (vgl. Adendorf, 1986:8). Die Marxisme word volgens hierdie benadering as dié vernaamste vyand van die kerk voorgehou. Daar mag geen onderhandeling met hierdie aartsvyand plaasvind nie. Hy moet summier veroordeel, verwerp en geïsoleer word. Hierdie benadering werk dus met die veronderstelling dat daar drie kategorieë van mense bestaan. Eerstens is daar gelowiges. Tweedens is daar ongelowiges. Derdens is daar die Antichriste. Volgens die huidige verspreiding van Marxisme sou ongeveer 'n derde van die wêreld-bevolking tot hierdie derde kategorie van Antichriste behoort. Hulle sou dus nie kwalifiseer vir enige vorm van gesprek met die Christelike godsdiens nie. So 'n benadering is opsigtelik vreemd aan die Bybel en veral aan die benadering van Jesus Christus in die Bybel word daar slegs onderskeid gemaak tussen gelowiges en ongelowiges. Die Bybel roep gelowiges op om die boodskap van God se genade ongekwalifiseerd aan alle ongelowiges te verkondig.

3.2 'n Tweede argument wat teen 'n dialoog ingebring word, is dat so 'n dialoog moontlik tot 'n totale sintese tussen die Christendom en die Marxisme aanleiding kan gee. So 'n toedrag van sake sal daartoe lei dat Christene hulle Christelike identiteit totaal sal verloor (vgl. Malan, 1987). Hierdie benadering ten opsigte van dialoog met die Marxisme is eweneens vreemd aan die Bybel. Dit is eerstens 'n reaksie wat gebore is uit vrees. Dit werk met die veronderstelling dat die Marxisme 'n magtiger krag in die geskiedenis is as die opstandingskrag van Jesus Christus. Uiteindelik is dit 'n mosie van wantroue in God se beloftes aan sy kerk. Christus

het sy volgelinge in 'n vyandiggesinde heidense wêreld ingestuur met die belofte dat julle in Sy Naam en in Sy krag die evangelie sal verkondig. Tweedens berus hierdie argument ook op 'n verwarring van die begrippe "dialoog" en "sintese". Dialoog impliseer tog geen versmelting nie. Dit wil juis daarop dui dat twee duidelik identifiseerbare onafhanklike persone in gesprek tree met mekaar. Die gevaar wat Christene bedreig is nie sintese nie, maar is 'n ongegronde reaksionisme teenoor die Marxisme.

3.3 'n Derde argument wat aangevoer word, is dat die Kerk die liberaal demokratiese waardes en die mark-ekonomie moet verdedig. Die Kerk vermy daarom enige gesprek met die Marxiste wat hierdie waardes bedreig en skakel eerder in by antikommunistiese propaganda veldtogte. Hierdie benadering is dus gegrond op 'n veronderstelde verband tussen die Christelike geloof en 'n liberale demokrasie sowel as 'n mark-ekonomie. So 'n verband word egter nie in die Bybel gevind nie. Die Bybel lê nòg 'n verband tussen die evangelie en 'n liberale demokrasie, nòg 'n verband tussen die evangelie en kommunisme. Dit is nie die taak van die kerk om enige politieke bestel te beskerm nie. Die taak van die kerk is om oor alle politieke verdelings en stelsels heen die evangelie van God se genade en versoening te verkondig.

Die kerk wat hom laat insleep by 'n antikommunistiese propagandaveldtog, moet beslis sy motiewe deeglik ondersoek. Hy moet homself afvra of sy betrokkenheid by so 'n veldtog uit sy Goddelike opdrag voortspruit en of dit voortspruit uit 'n ongeoorloofde alliansie wat dit met die liberale demokratiese politieke stelsel gesmee het. Indien hy bevind dat laasgenoemde rede sy motivering vir deelname aan anti-kommunistiese propaganda is, moet hy onmiddellik sy verdere deelname aan so 'n projek beëindig. Indien dit nie gebeur nie, is die kerk besig om groter skade aan homself te doen as aan die kommunisme. Die ideologiese stryd teen die kommunisme moet in die politieke arena besleg word. Aanhangers van 'n mark-ekonomie het grondige argumente om in die politieke arena die ideologiese stryd teen die kommunisme te besleg.

Ten slotte is dit interessant om die effek van die bostaande negatiewe benaderings teenoor die dialoog te vergelyk met die effek van 'n positiewe benadering teenoor dialoog met die Marxisme. So 'n vergelyking lewer 'n interessante stukkie ironie op.

Wanneer die Kerk 'n negatiewe houding teenoor die dialoog openbaar, loop hierdie benadering meestal uit op die ontmaskering van die ongeloofwaardigheid van die Kerk. Dit blyk uiteindelik dat die Kerk se benadering nie met die Bybel of met Jesus se optrede te rym is nie. Dit kan ook gebeur dat die Kerk se ideologiese verbintenis met die liberale demokrasie ontmasker word. Wanneer dit gebeur, is die Kerk se geloofwaardigheid in gedrang. Die uiteindelike effek van hierdie benadering is dat die Kerk groter skade aan homself berokken het as aan die Marxisme (vgl. Rossouw, 1986:28). Presies die teenoorgestelde gebeur wanneer die Kerk sy ideologiese stryd teen die kommunisme laat vaar. Die kerk wat bereid is om hom slegs deur die wil van God te laat lei, het 'n groot invloed op die gemeenskap waarbinne hy optree. So 'n kerk is nie net bereid om die liefde van God aan alle mense te verkondig nie, maar is ook bereid om sy liefde vir alle mense uit te leef. Hy bely nie net sy liefde vir sy medemens nie, maar beliggaam ook sy liefde. Dit is nie net 'n saak van ortodoksie nie, maar ook van ortopraksie. So 'n kerk is bereid om sy liefde in praktiese en selfs politieke terme te vertaal. Wanneer dit gebeur, word onreg in die samelewing beveg en word daar in die rigting van 'n meer regverdige samelewing beweeg. Marx se filosofie het egter min betekenis vir 'n regverdige samelewing. Sy filosofie is juis ontwerp om onregverdige samelewings te verander. Dit beteken dat Marxisme sy aantrekkingskrag verloor wanneer 'n samelewing regverdigheid aan soveel as moontlik van sy inwoners bied. Hieruit blyk dit dat die Kerk wat juis nie die Marxisme wil beveg nie, maar slegs in gehoorsaamheid aan Christus wil praat en handel, uiteindelik onbedoeld die grootste teenvoeter teen die uitbreiding van die Marxisme is.

## BRONNELYS


ADENDORF, M.C. 1986. 'n Vergelyking tussen "The Freedom Charter" en "Kerk en Samelewing". Ongepubliseerde studiestuk.

EAGLESON, T., red. 1975. Christians and Socialism. New York : Orbis Books.

HROMADKA, J.C. 1950. The Church of the reformation faces today's challenges. **Theology Today**, 6(4):446-464, Jan.

HROMADKA, J.C. 1960. Theologie und Kirche zwischen gestern und morgen. Neukirchen : Neukirchenen Verlag.

KIRK, J.A. 1980. Theology encounters revolution. Leicester : Inter-varsity Press.

LOCHMAN, J.M. 1968. Evangelium für Atheïsten. International Dialog Zeitschrift, 1(2):221-229.

LOCHMAN, J.W. 1970. Church in a Marxist society. London : SCW Press.

LOCHMAN, J.W. 1976. Ontmoeting met Marx: wat christenen en marxisten verenigt en scheidt. Baarn : Bosch en Keuning.

LOCHMAN, J.W. 1980. Reconciliation and Liberation. Philadelphia : Protress Press.

MACHOVEC, M. 1968. Atheïsmus und Christentum. International Dialog Zeitschrift, 1(1):38-42.

MACHOVEC, M. 1969. Theologie und Revolution von Prag ausgesehen. (In Rasker, J. en Machovec, M., reds. Theologie und Revolution: ein west-Ostlischer Dialog. Hamburg : Herbert Reich evangelischer Verlag. p. 47-62)

MACHOVEC, M. 1971. Vom Sinn des menschlischen Lebens. Freiburg : Rombach.

MACHOVEC, M. 1976. A marxist looks at Jesus. Philadelphia : Fortress.

MALAN, J. 1987. Brief in Beeld. 5 Maart.

MOJZES, P. 1981. Christian - Marxist dialogue in Eastern Europe. Minneapolis : Augsburg.

MOSALA, I.J. en TLHAGALE, B. 1986. The unquestionable right to be free. Braamfontein : Skotaville Publishers.

ROSSOUW, G.J. 1985. Milan Machovec: Rehabilitasie of revisie van Marx. Stellenbosch. (M.A.-verhandeling - Yniversiteit van Stellenbosch.)

ROSSOUW, G.J. 1986. Kerk en Kommunisme: 'n ondersoek na die teologiese reaksie op sosialisme in Tsjeggo-Slowakye. Stellenbosch. Ongepubliseerde Lisensiaat in Teologie - skripsie.